NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 2 FEBRUARIE 2025

VIERDE SONDAG VAN EPIFANIE

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Radiokansel

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Jesaja 6:1-8 (9-13); Psalm 138;
1 Korintiërs 15:1-11; Lukas 5:1-11

SONDAG, 2 FEBRUARIE
09:00 Oggenddiens: Ds André van Wyk Doop Kleuter- en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Radiokansel Erediensspan 2 – Elsa Welman **Na afloop van die oggenddiens** • Senior Kategese • Inligtingsgeleentheid vir finalejaarkatkisante en ouers
MAANDAG, 3 FEBRUARIE
19:00 Sportmanne Bybelstudie in konsistorie 19:00 Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 4 FEBRUARIE
09:30 Senior Burger Bybelstudie
WOENSDAG, 5 FEBRUARIE
09:30 Vroue Bybelstudie 09:30 Othello Biduur 19:00 Erediens en aanbidding kommissie vergadering 19:00 Fondse kommissie vergadering
DONDERDAG, 6 FEBRUARIE
18:00 Getuienis aksie kommissie vergadering Sopbeurte: Rosa Brand, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Sarie Terblanche, Wilna Steer, René Arendse, Joline Steyn

VRYDAG, 7 FEBRUARIE
SATERDAG, 8 FEBRUARIE
SONDAG, 9 FEBRUARIE

VYFDE SONDAG VAN EPIFANIE
BIDDAG VIR OPVOEDING EN ONDERWYS

09:00 Oggenddiens
NAGMAAL
Kleuter- en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Hugenote Kollege
Erediensspan 3 – Neels Kruger

Na afloop van die oggenddiens

- Senior Kategese

GEMEENTENUUS

1. Die volgende baba's word vanoggend gedoop:
   Daniël de Kock, seuntjie van Wessel en Heloïse de Kock.
   Hayden Cooper, seuntjie van Briaan en Annika Cooper.
   Kobus en Junita Neethling is beide baba's se grootouers.
2. Patrick van der Vyver (Othello) is vanuit intensiewe sorg na 'n algemene saal verskuif.
3. Frans van Niekerk (Andanté) sterk tuis aan.
4. Lorna Robinson (Jakarandas) sterk tuis aan na haar knievervanging.
5. Susie Engelbreht (Othello) is ontslaan en sterk tuis aan.
6. Christie Myburgh (Groenvlei) het 'n operasie ondergaan en sterk tuis aan.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

02/02 Suné Strydom, Hettie Schenck(86), Leonard Albrecht, Rynho Swart, Anna Mouton(83), Kara van Staden, Barend Geldenhuys
03/02 Melvyn Marais(82), Wilma Schoeman(81), Tihan Smith, Nicolaas Steyn, Frans Horn, Patrys Pienaar, Eugene Henstock
04/02 Susan Potgieter, Jannie van Zyl, Andry du Toit, Sanmari Pottage
05/02 Pieter Gresse, Cleone Fourie, Yolande Laing, Ava en Iza Roux
06/02 Bettie Pieterse(83), Corrie Fritz, Franja Bester, Suné Nel
07/02 Hennie van Zyl, Tiaan van Zyl, Kitty de Jager(89), Leandré Kotze, Kara de Wit
08/02 Abé Engelbrecht, Deon Herselman, Hannelie Viljoen, Ruhan Smuts, Rihan Swart

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Radiokansel (Radio Kaapse Kansel)

Radiokansel en Radio Kaapse Kansel is 'n onafhanklike, transkerklike en transkulturele Christelike multimedia organisasie met die Goddelike opdrag om die evangelie van Jesus Christus hoofsaaklik aan alle Suid-Afrikaners te verkondig by wyse van hoë kwaliteit radio- en televisieprogramme, publikasies, die elektroniese media en uitreikaksies, met die doel om ongelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hul Christelike geloof op te bou. Radio Kaapse Kansel kan op 729AM op DSTV Audiokanaal 882 geluister word asook op www.radiokansel.co.za, www.kaapsekansel.co.za en www.capepulpit.co.za Laai die toep (CAPEPULPIT) af en luister op jou selfoon.

021 917-7000 | kaap@radiokansel.co.za
Webwerf: https://radiokansel.co.za

KERKKOOR

KUILSRIVIER KERKKOOR NOOI NUWE LEDE OM AAN TE SLUIT.

Kooroefeninge is Maandae aande om 18:00 om die beurt by De Eike gemeente en Kuilsrivier Moedergemeente.

Vir verdere inligting kontak die orrelis/musiek koördineerder, Ilse Myburgh (0823461482).

SOPKOMBUIS

Alle sopkokers

Miemmie Myburgh, koördineerder van die sopkombuis vra dat alle sopkokers hul datum beurt kaartjies na afloop van die erediens in die voorportaal by haar moet kom afhaal.

KERKBODE

Die 1ste Kerkbode vir 2025 is gratis beskikbaar by die deure.

Neem gerus een.

DIE KOSMANDJIE

Die Kosmandjie is ‘n projek van die **Getuienis Aksie kommissie.** Indien ‘n lidmaat ‘n finansiële krisis beleef, broodgebrek lei of sommer net regtig swaarkry, wil ons graag help. Dit is ‘n opdrag van die Here dat ons ons naaste sal liefhê….

Kospakkies word maandeliks deur ‘n kerkraadslid afgelewer.

JY kan deel wees van hierdie OMGEEprojek deur Sondae ‘n item(s) uit jou koskas saam te bring. Kyk gerus na die spenslysie wat verskaf word; Die Kosmandjie fokus op 35 vasgestelde items en hierdie week se items volg op 26 Jan se lysie.

16 Speserye
17 Kruie
18 Geblikte tamaties (enige soort)
19 Geblikte bone, groen groente (enige soort)
20 Geblikte groente (mielies en gemengde)
21 Bully Beef
22 Sardyne
23 Tuna
24 Vrugte (enige soort)
25 Grondboontjiebotter
26 Kookolie

DANKIE vir jou ondersteuning, ook deur ‘n finansiële bydrae te maak.

Dis naasteliefde in aksie!

KUILSRIVIER MOEDERGEMEENTE

DIENSVERJAARDAG

Ds Chris Barnardo het die afgelope week (27'ste) die 23-jaar dienstyd aan De Eike verby gesteek. Ons is Ds Chris baie dank verskuldig vir die diep spore wat hy in die spore van Jesus gevolg het. Ds Chris huiwer nooit om moue op te rol en in die loopgrawe van die gemeente in te spring nie. Hy is by soveel mense en aksies betrokke en baie inisiatiewe het hul ontstaan gehad as gevolg van sy inspirasie. Ons het hom leer ken as 'n man met planne, met innoverende denke.

Ons is dankbaar oor sy leierskap, sy energie, sy skrifgetroue gehoorsaamheid, sy sorg, sy sensitiwiteit vir alle mense, ook vir die randfigure van ons samelewing. Ds Chris huiwer nie om te help nie en hy en sy vrou, Carina se omgee is self-opofferend op materiële gebied sowel as om van hulleself te gee in terme van tyd en ander insette.

Ds Chris is vanjaar in die pylvak-tyd van sy bediening en hy het alreeds begin om die aflosstok aan Ds Johan Janse van Rensburg te oorhandig. Buiten sy baie vol program gaan hy ook 'n belangrike mentor-rol vir Ds Johan speel in die komende maande. Ds Johan kom van 'n klein plattelandse gemeente met sy eiesoortige bedieningstyl en uitdagings en Ds Chris sal hom moet inlei in die andersheid van 'n voorstedelike gemeente soos die van De Eike.

Ds Chris sou nooit so suksesvol as leraar, berader, leier, begeleier en nog vele ander rolle kon wees as hy nie ten volle op sy vrou, Carina, kon steun nie. Hulle ken van saamstaan; ... alreeds vanuit Ds Chris se hospitaaldae in die Militêre Hospitaal in Pretoria en in die rehabilitasie-program daarna toe Ds Chris; destyds nog 'n Lugmag-Kolonel, byna se lewe verloor het in die destydse Kerkstraat-bom. Baie water het intussen in die see geloop en die Here het Ds Chris wonderbaarlik laat herstel en vir hom en Carina voluit in sy wingerd hier in Kuilsrivier laat werk.

Ds Chris en Carina, mag die res en die laaste stukkie van die hemelse wedloop hier in De Eike vir julle besondere seën inhou. Ons in die gemeente is besonder bevoorreg.

Seënwense van De Eike!!!

GROOT WERKE VERRIG

Die afgelope weke sedert die begin van 2025 was daar baie gewerk deur werkspanne aan ons kerkgebou en ook aan die pastorie. Ons kerksaal het vir baie jare al geweldige waterlekkasies deur die Noordelike muur en van die dak se kant af tussen die kerk en die saal. Duur en tydrowende spesialiswerk was nodig om die probleme te identifiseer en ‘n oplossing te vind.

Daar was bevind dat die dubbel-muur van die noordelike kant geen uitlate (Wheeping holes) gehad het om opbouende vog in die mure te dreineer nie. Water wat deur die buitemuur gesypel het was tussen die dubbelmure vasgevang en het soos ‘n tenk reageer en ongelukkig het die water altyd deur die saal se binnemure gelek. Soms het daar gedurende die wintermaande poele water op die saal se vloer versamel. Die nat toestande het ook die metaal in die gewapende betonbalke aangetas en laat roes. Ons Eiendomskommissie onder leiding van Henty Wickens het besef dat daar daadwerklike optrede nodig was. Mure was oopgekap, seëlwerk is gedoen, nuwe waterdigte materiaal is ingevoeg, wateruitlate is op strategiese plekke ingelaat en ons vertrou dat die probleme hiermee vir eens en altyd opgelos is.

Die pastorie in Sangirostraat het ook dringend aandag nodig gehad. Die gebou se struktuur is pragtig en stewig gebou deur een van ons lidmate, Bossie Brink. Daar is geen strukturele probleme en geen krake nie en getuig van baie goeie werk wat in die vroeë tagtiger-jare gedoen was tydens die bouproses. Die binnekant het egter aandag benodig en Henty Wickens en sy span het die dienste van ‘n baie betroubare kontrakteur bekom om die binnekant weer op te kikker. Die huis is uitgeverf aan die binnekant en die kombuis het nuwe werksblaaie gekry en met verf is die kombuis weer vernuwe met moderne kleure. Die donker kaste het plek gemaak vir mooi grys kasdeure en bypassende werksblaaie. Waterskade by die wasbak is herstel. Die garage se vloer se sement het ongelukkig na vele dekades verbrokkeling getoon en die vloer se verbrokkelde gate is weer met sement gevul en met swaardiens verf behandel. Die garage lyk na die verf amper soos ‘n motor-toonlokaal. Die pastorie is weer reg om vir ‘n lang periode diens te doen.

Groot dank aan Henty, sy span van die Eiendomskommissie, Tim, die kerkkantoor personeel vir hulle betrokkenheid met admin en betaling-reëlings en Elmari Schwenke-Van Der Walt vir haar betrokkenheid om op kreatiewe manier te help om geld te vind vir al die noodsaaklike werke wat gedoen moes word.

Vir die gemeente wil ons dit noem dat julle bydraes wyslik bestee was om broodnodige onderhoudswerk te doen maar nou is ons gemeente se finansies onder druk. As daar in die komende maande klem gelê word op fonds-insamelings dan weet julle waaroor dit gaan. Alle werke was kontant gedoen en geen lenings was aangegaan nie.

PARKERING EN SEKURITEIT

Parkering en sekuriteit rondom die kerk tydens byeenkomste in die kerk:

Aan die einde van 2024 was daar ‘n veiligheidskommitee in die lewe geroep bestaande uit leiers soos Johan Kotzé en Sias Koen. Die inisiatief het ontstaan na aanleiding van elemente van die straat af wat ons perseel tydens dienste betree en goed onregmatig verwyder het. Twee keer vantevore was daar ook al motors van ons parkeer terrein gesteel. Daar was gereël dat sekuriteitsfirmas die kerk se terrein tydens hulle afstaan-tye gebruik om sigbaarhied en aanwesigheid van sekuriteit by die kerk te skep. Aanvulend hiertoe was daar ook gereël dat parkeer-ambassadeurs wat by Pick‘n Pay werksaam is, hulle dienste by ons kom verrig.

Hierdie dienste kos ons gemeente niks. Boonop het die sekuriteitsdienste ook toegang tot ambulansdienste, sou dit nodig wees.

Die parkeer-ambassadeurs is in eie diens en is slegs afhanklik van die fooitjie wat ons as gemeentelede aan hulle gee. Op ‘n Sondag loop daar nie taxi’s soos in die week nie en moet hulle van duurder Uber-dienste gebruik maak om van hulle blyplekke tot by die kerk en weer terug te beweeg. Van die manne was gevra oor of hulle darem hulle eie koste kan dek en hulle het aangedui dat daar tydens die vakansietyd min kerk bywoning was en dat dit maar broekskeur gegaan het om die Uber te kon betaal. Vandat die kwartaal begin het lyk sake beter met meer mense by die kerk en meer fooitjie-gewers.

Ons doen dus ‘n beroep op ons gemeentelede om aan hierdie mense wat aan ons ‘n naastediens lewer te dink - en op ons beurt na hulle as ons naaste om te sien. Laat ons ook ‘n gemeente wees wat sorg op hierdie manier asseblief. As ons hulle nie genoegsaam ondersteun nie sal ons ongelukkig hulle teenwoordigheid moet staak en tevrede moet wees as mense op ons parkeer terreine rond dwaal tussen kerkdienste. Dit is in ons hande om die pad vorentoe te bepaal.

PREEKSKETS

TEMA – WAAROM IS JULLE BANG?

Prediker: Ds André van Wyk

Skriflesing: Mark.4:35-41

Waarvoor is jy bang?

Wanneer is jy bang?

En waar pas geloof in die prentjie.

Tydens die storm bring Jesus “bang wees” en “geloof” bymekaar toe Hy vir Sy dissipel vra: *“Waarom is jy bang? Het jy dan nie geloof nie?”*